

Vrydag 4 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 7:1-7

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 7:4 (AFR33/83)

My liggaam behoort ook aan my huweliksmaat

Sekere mense in die kerk van Korinte het gesê dat dit goed is vir 'n man om nie aan 'n vrou te raak nie. Dit impliseer dat die mens dan weg moet bly van seksuele intimiteit. Paulus stel hierdie miskonsepsie reg deur te sê dit is beter vir elke man om sy eie vrou te hê en vir elke vrou om haar eie man te hê, en dan binne die grense van 'n huwelik in mekaar se seksuele behoeftes te voorsien.

Dié gedagte se wortels lê al diep in die begin van die blaaie van die Ou Testament. Toe die Here vir Eva gemaak het en na Adam gebring het, het die Here in Genesis 2:24 gesê: *Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word.* Die Here het huweliksmaats gemaak om een te wees in alle opsigte. Om een te wees, het die Bybelse idee om aanmekaar geplak te wees, om aan mekaar te kleef met die houding van “Wat myne is, is joune, en wat joune is, is myne”. Ook jou liggaam in 'n huwelik is nie joune nie, maar behoort volkome aan jou huweliksmaat om op te pas en te geniet.

Paulus sê die beste teenmiddel teen onsedelikheid is vir getroude mense om seksuele intimiteit met mekaar te geniet en julle eenwees met mekaar te vier en te bevestig. Binne die grens van 'n huwelik moet man en vrou mekaar dien met hulle liggame.

Die duiwel kan ons maklik verlei as gevolg van 'n gebrek aan selfbeheersing. Daarom moet man en vrou mekaar gereeld dien met hulle liggame deur seksuele intimiteit. Dit is nog 'n manier waarop ons ook in ons huwelike 'n lewe kan leef wat God eer.

Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2

Ds. RB Fourie (Reynold) (Bellville-Oos)